Ontmoeting 13

Die Ups and Downs van Josef se storie

Teks

Hulpmiddels:

Om Josef se broers voor te stel: 11 hangers met 'n T-hemp of hemp aan. Hang die hangers aan 'n kapstok, pyp of klerereling.

Maak 'n veelkleurige "gordel" om om 'n kind se lyf te bind.

Plak op elke hemp 'n plakker met een van die name van Josef se 11 broers: Ruben, Simon, Levi, Juda, Dan, Naftali, Gad, Aser, Asaskar, Sebulon en Benjamin.

Om 'n hindernisbaan te bou: Die hindernisbaan gaan die hoogte en laagtepunte in Josef se verhaal voorstel.

Jy benodig: 'n dik tou; een carabiner *(bergklimhaak)* of gebruik tou, lap of 'n ander soort veilige haak en 'n paar stoele of tafels. Wanneer daar 'n laagtepunt in Josef se lewe is, moet die tou onder 'n stoel of tafel deurgaan. Vir 'n hoogtepunt gaan die tou bo-oor die stoel of tafel.

Die volgorde waarin jy die hindernisse opstel, is as volg: Hoogtepunt, laer punt, hoogtepunt, laer punt, nog laer punt, 2 stappe boontoe.



WELKOM

1. Speel aan-aan. Die persoon wat aan is, plak 'n rooi kol op die wang van die een wat gevang word. Daardie persoon is dan aan. (Dis amper soos om "Tail tag" te speel.)
2. Hindernisbaan van stoele: Laat die kinders in spanne deelneem en kyk hoe vinnig elke groep deur die hindernisbaan kan beweeg. Hulle kan alternatiewelik bo-oor en onder die stoele deurbeweeg tot die hele span deur die baan is.

WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (https://www.youtube.com/watch?v=8bsEgggn344)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvaders Abraham, Isak en Jabok. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."

WOORD

Hang die hangers met die 11 broers se name op waar almal dit kan sien. Kies een kind om Josef te wees. Maak 'n gordel van verskillende kleure lap of lint en bind dit om Josef se lyf. Gebruik die carabiner om Josef se gordel aan die hindernisbaantou vas te maak. Begin die storie vertel en beweeg met Josef deur die hindernisbaan soos hy die 'ups' en 'downs' beleef. Wanneer jy die storie begin, staan Josef langs sy 'hanger' broers en beweeg dan daarvandaan deur die hindernisbaan.

Wie van julle kan onthou wat die 2 vroue van Jakob se name was? Hoeveel seuns en hoeveel dogters het hy gehad? Beweeg na die klererak en wys die broers op hul name uit. Wys na Josef.

Van al sy seuns was Jakob die liefste vir Josef. Hy het vir Josef spesiale klere gemaak. Dit het die ander broers baie jaloers gemaak en boonop het Josef die heeltyd by die huis stories van sy broers kom aandra.

Josef het op 'n keer gedroom dat hy en sy broers besig was om gerwe (bondels koring) te bind. Sy bondel het regop gestaan en die ander s'n het voor hom gebuig. 'n Ander keer het hy gedroom dat die son, maan en 11 sterre voor hom kom buig. Die 11 sterre het sy broers voorgestel. Sy broers het gedink hy is baie verwaand. *(Beweeg vir Josef tot bo-op 'n stoel.)*

Eendag het Jakob vir Josef gestuur om na sy broers in die veld te gaan. Hy het dadelik gehoorsaam. Sy broers het hom van ver af sien aankom en vir mekaar gesê: "Daar kom die ou dromer aan, kom ons maak hom dood en gooi hom in die put hier naby. Ons kan altyd vir Pa vertel 'n leeu het hom gevang!" Ruben, die oudste broer het gedink dit is darem te erg. Hy sê toe: "Nee, ons kan darem nie ons broer vermoor nie. Gooi hom liewers lewendig in die put; ons kan later 'n plan met hom maak." Hulle vang toe vir Josef, trek sy mooi klere uit en gooi hom in die put. *(Beweeg met Josef tot onder 'n hindernis.)* Gelukkig was dit 'n droë put sonder enige water. Daar kom toe 'n groep handelaars verby wat op pad was na Egipte. Juda kry toe 'n idee. Hy sê: "Kom ons verkoop Josef aan die handelaars. Hulle kan hom in Egipte as 'n slaaf verkoop." Die ander broers het ingestem en Josef verkoop.

Hulle neem toe sy mooi klere en besmeer dit met bloed van 'n lammertjie. Hulle gaan wys dit vir hul pa, Jakob, sodat hy kon dink 'n leeu het Josef gevang. Jakob was verskriklik hartseer en het baie gehuil. Hy het gesê hy sal oor Josef treur tot hy self dood is.

In Egipte het 'n belangrike man met die naam Potifar vir Josef gekoop. Josef het in Potifar se huis gewerk en dit het goed met hom gegaan. Potifar het gesien dat hy op Josef kan staatmaak en het hom bevorder. *(Beweeg Josef tot bo-op 'n hindernis.)*

Potifar se vrou het gesien hoe goed Josef werk. Sy het ook gesien hy is mooi en sterk. Toe doen sy 'n verkeerde ding. Sy wou hê Josef moes skelm haar man wees, maar Josef het geweet dit is verkeerd in die oë van God en het geweier. Hy het probeer wegkom van haar af, maar sy het 'n stuk van sy klere afgeskeur. Sy roep toe die ander slawe in die huis en sê: "Kyk wat het Josef aangevang!!" Sy het gemaak asof Josef haar wou aanrand. Ai, niemand wou na Josef luister nie. Net omdat hy 'n slaaf was, het almal gedink sy praat die waarheid. Potifar het vir Josef in die tronk laat gooi. *(Josef is weer onder 'n hindernis.)*

Daar in die tronk was die Here by Josef. Hy het die troue liefde van die Here elke dag ervaar. Die Here het ook die tronkbewaarder vriendelik teenoor Josef gemaak. Hy het sommer vir Josef aangestel om na die ander gevangenes om te sien. Alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Die Here het vir Josef die gawe gegee om mense se drome te kan verduidelik. Toe die Farao, die koning van Egipte, 'n vreemde droom droom, is Josef geroep om paleis toe te gaan en die droom te verduidelik. *(Josef beweeg tot bo-op hindernis.)*

Die Farao se droom was 'n waarskuwing dat dit vir 7 jare baie goed sal gaan met die mense van Egipte, maar die volgende 7 jaar sou baie, baie moeilik wees. Josef het geweet dat dit die Here is wat deur die droom die Farao gewaarsku het. Josef het

ook die wysheid gehad om 'n plan te maak. Hy stel toe voor dat hulle in die 7 goeie jare baie koring moes spaar en groot skure moes laat bou om koring in te bêre. Die koning was so in sy skik met Josef se raad dat hy Josef net daar aangestel het as die onderkoning van Egipte.

Ver in Kanaän het Jakob nog nie geweet dat Josef lewe nie. Hy het al die tyd getreur en Josef se broers het die heeltyd die geheim probeer wegsteek. Nie een van hulle het geweet dat die Here vir Josef 'n belangrike man laat word het nie. Hulle sou dit eers baie jare later uitvind.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter karakter in die verhaal sou jy wou speel.
2. Ek wonder watter deel van die storie sou jy uitlos as jy dit vir iemand vertel.
3. Ek wonder aan watter gebeure in jou lewe laat Josef se laagtepunte jou dink.
4. Ek wonder aan watter gebeure in jou lewe laat Josef se hoogtepunte jou dink.

WERSKAF

- (Kleiner kinders) Gee aan hulle die inkleurprent van Josef se drome om in te kleur.
- Gee karton mannetjies en stukkies gekleurde wol vir die kinders om hul eie gekleurde jas vir Josef te maak deur die wol om die mannetjie te draai. Teken vir die Josef-mannetjie 'n gesiggie.
- Graffiti jas: Gee 'n afdruk van Josef se jas en laat die ouer kinders die elemente van die storie inteken op die jas. Jonger kinders kan die jas in verskillende kleure inkleur of met kolle plak.
- Gee vir elke kind 'n kardoessakkie en gekleurde papier. Hulle kan Josef se gesig op die flap teken en stroke gekleurde papier plak vir sy jas.
- Op-en-af Gebedsmoment: pypskoonmakers en plastiek krale. Die pypskoonmakers se punte word deur die A4-karton gedruk en omgebuig om die pypskoonmaker te anker. Ryg 'n kraletjie aan die pypskoonmaker. Buig die pypskoonmaker om 'ups' en 'down's te maak en druk die ander punt deur die karton en anker. Doen dit met 3 pypskoonmakers op dieselfde blad. Gebruik jou hand om die kraletjie deur die pypskoonmaker se op- en afdraandes te beweeg. Refleksie: Gebruik die eerste pypskoonmaker. Dink aan die hoogtepunte en laagtepunte in Josef se lewe en hoe God hom altyd gehelp het terwyl jy die kraletjies op en af teen die pypskoonmakers beweeg. Gebruik die tweede pypskoon-maker. Dink aan die goeie tye (hoog) en slegte tye (laag) in jou eie lewe en vra God om by jou te wees en jou te help. Gebruik die derde pypskoonmaker. Dink aan ander mense wat deur slegte tye gaan in hulle lewens en vra God om hulle te help.

Sluit af met die seënbede.



Ingles 360
J is for Joseph
Created by Ingles360 www.ingles360.net





© Crafting The Word Of God